SKOLE
ondersteuningsentrum

Mediaverklaring

Grondslagfase-onnie is die Onnieveerder van die Jaar!

2021/11/08

Marietjie Havenga, 'n Grondslagfase-onderwyser by Laerskool Skuilkrans, is die afgelope naweek gekroon as die Solidariteit Skoleondersteuningsentrum (SOS) se Onnieveerder van die Jaar. Die toekenning vorm deel van Solidariteit se Onderwyser van die Jaar-toekenningsgeleentheid.

'n Onnieveerder kan beskryf word as 'n onderwyser wat tegnologie op 'n innoverende wyse aanwend om so 'n positiewe verskil in leerders se onderrig te maak. Hierdie onderwyser gebruik tegnologie as bousteen om onderrig te bevorder en leer te optimaliseer. Hoofsaaklik deur gebruik te maak van die SOS se Wolkskool-platform as onderrighulpmiddel.

Havenga word deur haar kollegas beskryf as 'n baie dinamiese Grondslagfase-onderwyseres wat nuwe onderwystegnieke gebruik om haar leerders te onderrig, maar as onderwyser staan sy steeds sentraal met haar onderrigstrategieë. Sy verduidelik dat sy die groot veranderings, wat as gevolg van die Covid-pandemie teweeg gebring is, as 'n geleentheid eerder as 'n struikelblok benader het.

"Ek is die fasiliteerder van leergeleenthede in my klas en my leerders is die aktiewe probleemoplossers en denkers deur die kennis toe te pas, wat hulle deur middel van video-lesse opgedoen het. Die werk wat in die klas behandel word, word weekliks op Die Wolkskool geplaas. Daar is ook verdere verrykende Wolkskool-videolesse, praktiese idees en werkkaarte beskikbaar. Die Wolkskool help my dus om al my leerders op hul eie vlak effektief te bereik, omdat daar deeglike verryking sowel as hersiening beskikbaar is," sê sy verder.

Leoné Pieterse, verbonde aan Laerskool Muldersdrift, en Ronel de Wet, verbonde aan Hoërskool Linden, was die naaswenners.

Vir alle medianavrae:

SKOLE
ondersteuningsentrum

SARINA PRINSLOO
Skakelbeampte
012 612 0234
072 123 1707
sarina@skole.co.za
Von Willichlaan 284, Die Hoewes, Centurion
skole.co.za